Bloemfontein Baptiste Kerk

051- 451 1017 kerk@kerk.co.za www.kerk.co.za bfn_baptiste Bloemfontein Baptiste Kerk

# Hoekom het Jesus aarde toe gekom?

## Deel 1 – Om mense te wees

Hy wat in die gestalte van God was, het sy bestaan op Godgelyke wyse nie beskou as iets waaraan Hy Hom moes vasklem nie, maar Hy het Homself verneder deur die gestalte van 'n slaaf aan te neem en aan mense gelyk te word.
Filippense 2:6-7

### 1. Jesus kom betoon liefde wat ons kan verstaan.

(Jesus was vrygewig, nie selfsugtig nie)

- Jesus het mense aanvaar en waarde geheg aan hulle:
  - Vrouens
  - Verwerpte en uitgestote mense deur die samelewing
  - Kinders
- Jesus het omgee vir mense en hulle gehelp:
  - 28 gedeeltes waar Jesus mense genees het en gehelp het waar van ons dit in die woord lees.
  - Siek ;blind ;Vrees ;Honger en dors; Stom ;Demonies ;Verlam ;Dood
- Jesus het tyd gemaak vir mense:
  - Matteus 14:13-14
- Jesus het geluister vir mense:
  - Johannes5:5-9

Wat het jy vandag van Jesus nodig, want Hy is lief vir jou. Wat is jou behoefte?

______________________________________________________________

______________________________________________________________

### 2. Jesus het vir ons die voorbeeld kom stel.

(lewe met selfbeheersing, nie verslawing nie)

| | |
|---|---|
| Liefde | Haat |
| Vreugde | Woede / Skuldgevoelens |
| Vrede | Vrees / Rusie |
| Geduld | Frustrasie |
| Vriendelikheid | Vyandskap |
| Goedhartigheid | Afgunstigheid |
| Getrouheid | Afgodsdiens / towery |
| Nederigheid | Verdeeldheid / Skeuring |
| Selfbeheersing | Onsedelikheid / onreinheid / losbandigheid |

- Johannes 2:13-16

Waarmee kan Jesus jou vandag kom help sodat jy in Sy voorbeeld in Sy vryheid kan leef?

______________________________________________________________

______________________________________________________________

### 3. Jesus kom bewys dat ons vir God kan ken.

(Nader tot God en Hy sal tot julle nader - Jakobus 4:8)

- Jesus kom leer ons dat ons na God toe kan nader en Hom kan ken in die volgende:
  - Wanneer ons wysheid en onderskeiding nodig het.
    - Lukas 6:12-13 & Matteus 14:22-24
  - Wanneer ons wil dankie sê.
    - Matteus 14:18-19 & 15:33-36
  - Wanneer ons alleen en bang is.
    - Matteus 26:36-39
  - Wanneer ons krag nodig het
    - Lukas 22:39-44

Op watter manier wil jy na God toe nader vandag?

______________________________________________________________

______________________________________________________________